

# VOORGESTELDE SONENERGIE AANLEG NABY AUGRABIES

November 2013

Agtergrondinligtingsdokument

Mulilo Renewable Energy (Pty) Ltd [projek maatskappy Augrabies Solar PV1 (Pty) Ltd] beoog om 'n Fotovoltaïese (FV) Sonkragaanleg met 'n kapasiteit tot en met 10 MegaWatts op die plaas, Rooipad (9/15) naby Augrabies in die Noord-Kaap op te rig. Rosenthal Environmental is as onafhanklike omgewingskonsultant aangestel is om 'n Basiese Evalueeringsverslag, insluitend 'n openbare deelnameproses te onderneem. Hierdie Agtergrondinligtingsdokument (AID) poog om u, as 'n belangstellende en/of geaffekteerde party (B&GP), te voorsien van die nodige inligting om insae en kommentaar op die voorgestelde projek te lewer.

## Voorgestelde komponente

Die voorgestelde sonkragaanleg fasiliteit sal bestaan uit 'n verskeidenheid swart gekleurde panele tot en met 3m hoog oor 'n gebied van 19.9 hektaar. 'n 22 kiloVolt (kV) oorhoofse kraglyn wat bestaan uit hout pale tot 8.5m hoog met drie drade bo-op wat die kragstasie met 'n bestaande kraglyn konekteer wat hardloop tot by die Blouputs Substasie oor die westelike gedeelte van Rooipad Plaas. Die kraglyne sal soortgelyk aan ander kleiner kraglyne in die area wees. 'n Alternatiewe 22 kV kraglyn roete wat die Blouputs Substasie met Plaas 431 konekteer word ondersoek.

'n Toegangspad 400m lank en 6m breed was voorgestel; maar die onafhanklike omgewingstudie stel voor dat die bestaande plaas pad eerder opgradeer moet word. Daar sal 'n aantal interne paaie van ongeveer 4m wyd op die terrein self wees wat oor 'n paar kilometres strek. 'n Waterpyplyn sal by die bestaande plaas infrastruktuur aansluit en 'n verdere 233m pyplyn sal benodig word op terrein self en 'n verdere 1.2 km op 'n aangrensende plaas.

Twee alternatiewe terreine word oorweeg vir die Sonkragaanleg, beide op gedeelte 9 van die Plaas Rooipad No 15 ongeveer 2km suid van die Augrabies Nasionale Park en noord van die R359. Terrein 1 sal ongeveer 1.5km oos van die Blouputs afdraai na die Augrabies Nasionale Park wees (voorkeur alternatief omdat dit minder sigbaar vanaf die Augrabies Park is en 'n korter kraglyn het). Terrein 2 is ongeveer 4km oos van die afdraai. Die alternatiewe sal kraglyne van 1.7-2.1 km of 4.2-4.6 km onderskeidelik vereis, afhange van Eskom vereistes.

## Gebruik van opgewekte elektrisiteit

Om die opgewekte krag na Eskom se

elektrisiteitsrooster by die Blouputs Substasie te evakueer om gebruik te raak deur die Kakamas en Augrabies area.

## Hoekom word dit verkies om die aanleg hier te bou?

Die Departement Energie moedig herwinbare energie aan, insluitend sonenergie as 'n alternatief teenoor nie-herwinbare energie. Augrabies het helder sonlig vir die meerderheid van die jaar, Rooipad Plaas is naby die Blouputs Substasie geleë waar elektrisiteit in die elektrisiteitsrooster ingevoer kan word.

## Geïdentifiseerde impakte

Spesialiste was aangestel om spesialisstudies vir elk van die kern geïdentifiseerde kwessies te onderneem, insluitend: landboupotensiaal, botaniese ekologie, varswater ekologie, erfenis, fosiele en estetika. Die studies het gevind dat Terrein 1, nader geleë aan die Blouputs Substasie, die mees geskikste is.

**Visuele impakte:** as gevolg van die projek se naby geleë ligging aan die Augrabies Park, was 'n Visuele spesialisstudie gedoen en word visuele impakte beperk soos voorgestel in die studie. 'n Natuurlike rif sal die voorgekeerde terrein versteek vanuit die Nasionale Park. Die enigste nag beligting sal die lig van die bewegings geaktiveerde sekuriteit beligting wees, wat baie min sal afgaan. Verspreide bome sal ook geplant word om die aanleg minder sigbaar te maak.

**Werk:** Beperkte werksgeleenthede sal beskikbaar wees tydens die konstruksie fase en nog minder tydens die operasionele fase. Geen werk aansoek word oorweeg gedurende die omgewingsbemaatigings proses nie.

## Wie word geraadpleeg?

Die projek is in die Kai! Garib Plaaslike Munisipaliteit in die ZF Mgcawu Distriks Munisipaliteit. Die besluitnemende owerheid is die Departement van Omgewingsake, met insette van die Noord Kaapse Departement vir Omgewingsake en Natuur Bewaring. Kommentaar en toestemming word vereis van die Departement van Waterwese, Suid-Afrikaanse Erfenis Hulpbron Agentskap en Departement Landbou asook Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (wat 'n owerheid en aangrensende party is).

Ander geïdentifiseerde B&GPs sluit in grondeienaars en bure asook landbou, toerisme,

besighede, die gemeenskap en omgewingsorganisasies. Die volledige lys kan besigtig raak in Bylae E1 van die Konsep Basiese Evalueeringsverslag. Indien daar ander persone of organisasies is wat u dink ingelig behoort te wees, stel hulle asseblief in kennis van die proses en moedig hul aan om te registreer as B&GP.

### **Wat is die regsraamwerk rondom die omgewingsproses?**

'n Basiese Evalueeringsproses wat publieke deelname insluit is 'n vereiste. Gelyste aktiwiteite waarvoor aansoek gedoen word sluit in No. 1 (opwekking van elektrisiteit), 11&18(i) (impakte op dreineringslyne), 23 (transformasie van onontwikkelde grond) (GN No. R. 544); no 4(a)(ii)(gg) (toegangs paaie), 13(a) (ekologiese ondersteunings area), 13(c)(ff) 14 (verwydering van inheemse plantegroei), 16(a)(ii)(ff)&(hh) (konstruksie naby 'n Nasionale Park) (GN No. R. 546) van die Omgewingsimpakbepaling Regulasies (2010) gepromulgeer ingevolge artikel 24 (5) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) (NEMA). 'n Aansoek is ingedien by die Departement van Omgewingsake met verwysings no: **DEA: 14/12/16/3/1/453**

### **Wanneer word die projek bespreek?**

U sal planne en dokumente kan besigtig en u opinie kan lewer sowel as vrae kan vra oor die projek by die Publieke Ope Dag wat gehou sal word by die Augrabies Gemeenskap Sentrum op **19 November 2013** vanaf 3nm met die formele Openbare Vergadering wat om 6nm begin.

Die Konsep Basiese Evalueeringsverslag, Agtergrondinligtingsdokument en terugvoer vorms is beskikbaar by die Kakamas Publieke Biblioteek of per E-pos versoek vanaf **30 Okt 13 – 9 Des 13**.

### **Wat word van die kommentaar wat gelewer is?**

Die Konsep Basiese Evalueeringsverslag sal opgedateer word om u kommentaar in te sluit sodat dit deel vorm van die finale verslag, waarop u weer kan kommentaar lewer. Die finale verslag word aan die Departement Omgewingsake ingehandig wat sal besluit of die projek mag voortgaan en of addisionele inligting en/of verdere konsultasie nodig is. Indien u nie saamstem oor die besluit nie kan u appelleer (slegs geregistreerde B&GP sal in kennis gestel word).

### **Registreer en lewer asseblief kommentaar**

U word uitgenooi om geskrewe kommentaar te lewer teen **9 Desember 2013**, insluitend bogenoemde verwysingsnommer, u naam, kontakbesonderhede en 'n aanduiding van enige direkte sake-, finansiële, persoonlike of ander belange wat u het in die aansoek aan die kontakpersoon hieronder aangedui.

Philip Rosenthal, **Rosenthal Environmental**  
[Mail@PhilipRosenthal.com](mailto:Mail@PhilipRosenthal.com), Postnet 114, P/Sak X18, Rondebos, 7701, Sel: 082 6768966; Faks 0866164452

**Onderstaande: Ligging van Terrein 1 en alternatiewe Terrein 2**

